

GLOBALE KAPITALISASIE

DEEL I : DIE OPKOMS EN VERVAL VAN GLOBALE KAPITALISME MERK I (1500 - 1950)

Sampie Terreblanche

Globale Kapitalisme is nie iets nuuts nie. Toe Bartolomeu Dias en Christopher Columbus hulle ontdekkingsreise aan die einde van die 15de eeu onderneem het, is daar begin om die wêreld tot 'n samehangende ekonomiese eenheid te integreer.

Dit het nog net twee keer in die geskiedenis gebeur dat die omvang van internasionalehandel en kapitaalvloei so groot was dat ons van 'n stelsel van Globale kapitalisme kon praat.

Globale Kapitalisme Merk I (GKM I) het vanaf 1870 tot 1914 bestaan en Globale kapitalisme Merk II (GKM II) bestaan sedert ±1980.

Die uitstaande kenmerk van die globale ekonomie sedert 1500 is dat daar 'n groeiende inkomegaping ontstaan het tussen die sowat 25 lande wat al hoe ryker word aan die eenkant en die res van die wêreld wat relatief armer word.

Ons kan tussen Groep A-lande (wat vandag die Ryk Noorde genoem word) en Groep B-lande (wat vandag die Arm Suide genoem word) onderskei. Die Groep A-lande sluit vandag Wes-Europa, die Nuwe Europas in Noord Amerika en Australasië en Japan in. Die lande wat teen 1900 in Groep A en B was, is met enkele uitsonderings nog altyd in dieselfde groep.

In 1500 was die Groep A-lande se per capita inkome net marginaal groter as dié van die Groep B lande. In 1820 was dit twee keer groter, in 1913 vyf keer groter, in 1973 twaalf keer groter en tans is dit twintig keer groter!

Die groei van die gaping van vyf tot twintig keer van 1913 tot 2003 is tot 'n groot hoogte ook deur die hoë bevolkingsgroei in Groep B-lande veroorsaak. Groep A-lande se bevolking het van 1913 tot 2003 van 450 tot 900 verdubbel, terwyl Groep B-lande sin vier keer verdubbel het van 1,3 na 5,1 biljoen. Die vraag ontstaan egter in hoeverre die sosiale ontwigting wat Groep A-lande in die Groep B-lande veroorsaak het, vir die hoë bevolkingsgroei in hierdie lande verantwoordelik is.

Om die ware karakter van albei vorme van Globale Kapitalisme te verstaan, moet ons 'n verklaring probeer gee vir waarom die inkomegaping tussen Groep A- en B-lande so groot geword het. Baie faktore het daartoe bygedra.

Slawerny en kolonialisme het vir baie eeue lank 'n groot stimulus aan die ekonomiese opkoms van Wes-Europa gebied. Dit is onwaarskynlik dat Wes-Europa hom van die stagnasie van die Middeleeue sou kon losmaak, sonder die groot winste wat uit slawerny, uit die spesery- en suikerhandel en uit die staat- en kerk-ondersteunende koloniale plundery gemaak is. Die vloei van goud en silwer uit die Amerikas was ook van strategiese belang. Tot in die 18de eeu het Europa hoofsaaklik 'n metaal-geldeenheid gehad en het die invloei van edelmetale 'n sterk ekonomiese stimulus verskaf.

Die versnelling van ekonomiese groei in Groep A-lande ná 1820 was tot 'n groot hoogte gebaseer op die invoer van goedkoop voedsel en goedkoop grondstowwe uit Groep B-lande. Die ekonomiese versnelling wat ná 1870 ondervind is, was deels gebaseer op die plundering van Afrika deur Wes-Europa (gedurende die "scramble of Africa") en op die plundering van Suid-Amerika en Suid-Oos Asië deur die VSA.

Die groot ekonomiese vooruitgang wat die Ryk Noorde sedert 1950 ondervind, is ongetwyfeld gebaseer op neo-imperialistiese uitbuiting van 'n groot deel van die Arm Suide met behulp van multi-nasionale korporasies wat op allerhande maniere die steun en die beskerming van hulle ryk moederlande geniet. Boonop is die handel gedurende die afgelope 50 jaar ook so gestruktureer dat dit grootliks tot die voordeel van die Ryk Noorde en tot die nadeel van die Arm Suide gebeur.

Maar daar is ook 'n ander kant van die storie. Die Groep A-lande het oor die afgelope 500 jaar groot vindingrykheid en groot deursettingsvermoë aan die dag gelê en veral daarin geslaag om telkens nuwe kennis te ontsluit en om die nuwe kennis in nuwe vorme van militêre mag, nuwe voervoermittele en nuwe produksiekapasiteit te omskep.

In die skouspelagtige vooruitgang wat Groep A-lande op baie terreine gemaak het, het die Renaissansie van die 14de en 15de eeue, die Reformasie van die 16de eeu, die wetenskaplike revolusie van die 17de eeu en die Verligting van die 18de eeu - elkeen op sy eie manier - 'n selfstandige bydrae gelewer. Byna al hierdie "revolusionêre" gebeure het as regverdiging gedien vir die opkoms van die tipies Westerse individualisme en materialisme en van private initiatief en ondernemerskap.

Die opkoms van nasionale state vanaf die 15de eeu en die skerp onderlinge mededinging tussen hulle het ook 'n sterk stimulus tot ekonomiese ontwikkeling gebied en tot die ontwikkeling van nuwe ekonomiese instellings - soos geld, banke, aandeelmaatskappy, aandele beurse, ens. - gelei. Die volgehoue proses van institusionele ontwikkeling was deurgans net so belangrik - indien nie belangriker nie - as tegnologiese vooruitgang. In die proses van institusionele voortuitgang het die staat 'n leidende rol gespeel.

Teen 1870 het ekonomiese aktiwiteit tot so 'n mate geïntegreer geraak dat GKMI sy beslag gekry het. Die vinnige uitbreiding van kolonialisme (of imperialisme) in die tweede helfde van die 19de eeu en die byna universele aanvaarding van internasionale vryhandel deur Groep A-lande, het 'n belangrike rol in die globale intergrasie gespeel. Hierbenewens het die goudstandaarde en die hoë mate van wisselkoersstabiliteit wat dit verskaf het, internasionale handel wêreldwyd vergemaklik.

Vanaf 1870 tot 1913 het 'n merkwaardige stabiele politieke raamwerk wêreldwyd bestaan wat ook bevorderlik was vir die opbloeï van GKMI. Die Pax Britannica, die Britse vloot en die rol van London as die finansiële middelpunt van die wêreld het gesamentlik tot dié stabiliteit bygedra.

'n Positiewe eienskap van GKMI was die hoë vlakke van besparings in Groep A-lande en die groot direkte buitelandse beleggings wat hierdie lande (en veral Brittanje) in Groep B-lande gemaak het. Alhoewel Groep A-lande se optrede in Groep B-lande op uitbuiting neergekom het, het dit nogtans positiewe ekonomiese groei in laasgenoemde veroorsaak. Die jaarlikse per capita-groei koers was van 1870 tot 1913 1,6% in Groep A-lande en 1% in Groep B-lande.

Die stabiliteit van GKMI is egter geleidelik weggekalwer deur die agteruitgang van Groot Brittanje as voorste industriële moondheid en die opkoms van Duitsland as die toonaangewende industriële land. Boonop het Brittanje hom aan "imperial overstretch" skuldig gemaak in oorloë soos die Anglo-Boere-oorlog. Uiteindelik het die meedoënlose mededinging tussen Brittanje en Duitsland op veral internasionale markte op die Eerste Wêreld-oorlog uitgeloop. Die sogenaamde Laissez-Faire beleid - d.w.s. geen staatsinmenging - het ook binnelandse sosiale probleme geskep wat die internasionale ekonomie gedestabiliseer het.

In teenstelling met die ekonomiese integrasie en internasionale samewerking wat van 1870 tot 1914 bestaan het, was die periode van 1914 tot 1945 een van disintegrasie en botsing. Dit het GKMI uitmekaar geskeur. Dit het in twee wêreldoorloë, die Bolsjewistiese revolusie, die opkoms van Fasisme en Nazisme, die ontwinging van die Groot Depressie en deur wisselkoers onstabiliteit gebeur. In 1939 was die omvang van internasionale handel minder as 50% van die omvang van 1913.

Gedurende die tydperk van onstabiliteit en disintegrasie (1914 tot 1950) het sowel die Groep A- as die Groep B-lande laer jaarlikse per capita groei koerse aangeteken: 1,3% in Groep A-lande en skaars 0,5% in Groep B-lande.

Alhoewel dit nie aanvanklik besef is nie, is Groep B-lande se ontluikende ekonomie waarskynlik ernstiger ontwing in hierdie tydperk van disintegrasie en onstabiliteit. Hiervan is Argentinië 'n goeie voorbeeld. In 1929 was sy volksproduk die 8ste grootste in die wêreld. Vandag is dit laer as die 30ste.

GLOBALE KAPITALISME

DEEL II: DIE HELDER EN DONKER KANTE VAN GLOBALE KAPITALISME MERK II

of

DIE HELDER EN DONKER KANTE VAN DIE HUIDIGE STELSEL IN GLOBALE KAPITALISME

Sampie Terreblanche

Die tydperk sedert 1950 kom in twee kapitalistiese tydperke ingedeel word. Die Goue Era van kapitalisme strek van 1950 tot 1973 en die tydperk van Globale Kapitalisme Merk II (GKMII) het in 1980 'n aanvang geneem. Die tydperk van 1973 tot 1980 was 'n soort oorgangstydperk.

In die Goue Era van kapitalisme (1950 - 1973) is 'n jaarlikse per capita groei van 3,8% in die Ryk Noorde en van 2% in die Arm Suide aangeteken. In die tydperk van Globale Kapitalisme (1973-2003) is 'n jaarlikse per capita groei van 2% in die Ryk Noorde behaal, 3,5% in Asia (Japan uitgeslote), terwyl die groei in die res van die Arm Suide baie laag en in sommige lande selfs negatief is.

Gedurende die Goue Era van kapitalisme is redelik stabiele wisselkoerse binne die raamwerk van die Bretton Wood stelsel (BWS) gehandhaaf. Verskeie faktore het 'n bydrae gelewer tot die hoë ekonomiese groei wat toe behaal is. Aan die einde van die Tweede Wêreld oorlog het die VSA as die enigste groot moondheid na vore getree. Binne die raamwerk van die Pax Americana is die Vrye Weste op so 'n wyse gestabiliseer dat dit bevorderlik vir 'n ongekende ekonomiese opbloeï was. Die stabiele wisselkoerse van die BWS en die stabiele waarde van die dollar het internasionale handel laat herleef.

Die na-oorlogse ontwikkelingshulp wat die VSA aan Wes-Europa en Japan verleen het, het tot 'n groot ekonomiese opbloeï in hierdie lande en veral in Japan en Wes-Duitsland gelei.

Die Koue Oorlog het direk en indirek tot die hoë groei in die Vrye Weste bygedra. Die VSA het reusagtige bedrae op navorsing, verdediging en op die ruimte wedloop bestee.

Die invloed wat die VSA met sy kernsambreel in die Vrye Weste bekom het, het 'n baie winsgewende beleggingsveld vir veral Amerikaanse multi-nasionale korporasies (MNKs) geskep. Te midde van die Amerikaanse gedrewe dekolonialisasie proses, het die MNKs buitengewoon groot winste in veral die Arm Suide gemaak. Daarmee het 'n nuwe vorm van neo-imperiale plundery begin.

Die Goue Era van kapitalisme is abrupt beëindig toe die Egipties-Israelse oorlog van 1973 uitbreek het. In die stagnante sewentigerjare het belastings vinnig gestyg om die groot werkloosheidsversekering te kon betaal. Dit lei tot 'n opstand teen die hoë belastings. Hierdeur is 'n atmosfeer geskep wat tot die verkiesing van Mev Thatcher (1979) en Pres. Reagan (1980) gelei het. Intussen is die beheerde wisselkoerse van die BWS ook met swewende wisselkoerse en uiteindelik met wisselkoers vervang wat daaglik (nee elke minuut) of vrye wisselmarkte bepaal word.

Vanaf ongeveer 1980 het GKMII 'n dramatiese opkoms beleef. Die deregulasie van kapitaalvloeï deur die owerhede en die nuwe wisselkoersstelsel het 'n oorgrens kapitaalvloeï laat ontstaan soos die wêreld nog nooit gesien het nie. Die inligtingsrevolusie - 'n nuwe produk van die ruimte wedloop - het die wêreld tot 'n globale dorpie laat krimp.

Die neo-liberalisme van Reagan en Thatcher bepaal die ideologiese benadering van GKMII en van die Bretton Wood-instellings (BWIs). Hierdie instellings het nou die taak gekry om lenings en advies aan die Arm Suide te verleen. Hulle doen dit in ooreenstemming met die neo-liberale voorskrifte van die Washington Konsensus.

Vir baie lande in veral Afrika het die optrede van die BWIs - gegewe die streng voorwaardes wat dit vir finansiële hulp stel - eerder ekonomiese ontwrigting as ekonomiese groei veroorsaak. Die koue winde van globale mededinging veroorsaak groter werkloosheid en groter armoede in baie lande in die Arm Suide omdat hulle nog nie oor die instellings beskik wat 'n voorvereiste is vir deelname aan die globaal-kapitalistiese spel nie.

Die val van die Berlynse Muur (1989) en die implosie van die Sowjet-Unie (1991) het 'n groot stimulus aan GKMII verleen. In die negentigerjare is daar van galloperende globalisering gepraat en het 'n gees van triomfantisme omtrent die (beweerde) onbegrensde verdienstes van kapitalisme en GKMII in die geleedere van die dogmatiese voorstanders daarvan geheers.

Dit is nodig dat ons sowel die helder as die donker kante van GKMII sal raaksien. Alhoewel die oorgrens vloei van kapitaal geweldig toegeneem het, gebeur dit hoofsaaklik tussen lande in die Ryk Noorde. In 2001 het \$12 triljoen se beleggings oor grense gevloei maar slegs \$600 miljoen het na die Arm Suide - en hoofsaaklik na 'n klein groepie lande in veral Suid-Oos Asië - gevloei. Terwyl Groep A-lande (en veral Brittanje) tydens GKMI groot bedrae in Groep B-lande belê het, finansier die VSA sy beleggings deur die besparings van die res van die wêreld (en veral Japan) na die VSA te suig. Die VSA se nette buitelandse finansiële verpligtings is gelyk aan 20% van sy BBP!

Die Ryk Noorde het net 15% van die wêreldbevolking, maar ontvang 80% van die wêreld inkome. In groot dele van die wêreld - en veral in Afrika - is die bevolking in absolute terme armer as in 1975. Terwyl die 900 miljoen in die Ryk Noorde vandag in ongekende weelde leef, leef 1,2 biljoen mense in die Arm Suide op minder as \$1 'n dag en 'n verdere 1,6 biljoen op tussen \$1 en \$2 'n dag.

Die Ryk Noorde bestee - in per capita-terme - reusagtige bedrae op onderwys, op navorsing en ontwikkeling en op die prosessering van nuwe kennis én die skep van nuwe eindom en produksiekapasiteit. Die Arm Suide bestee - in per capita-terme - veel minder op hierdie dinge. Gevolglik groei die fisiese en menslike produksiekapasiteit - in per capita-terme - veel vinniger in die Ryk Noorde. 'n Groot deel van die Arm Suide gaan verder uitsak en die verdeling van inkome gaan nog ongelyker word.

Maar dit is veral die mag van die Ryk Noorde vis-a-vis die magteloosheid van die Arm Suide wat kommer wek. Die Cancún konferensie het dit opnuut bewys. Dit is hierdie skewe magsverhouding wat sigself oor die afgelope 30 jaar op 'n wrede wyse laat geld het ten gunste van die Ryk Noorde en ten koste van die Arm Suide. Hierdie skewe magspatrone is op allerhande subtiele maniere vir neo-imperialistiese plundery in die Arm Suide verantwoordelik.

Indien die skewe magsverhoudings tot sê 2030 onveranderd voorgeplant sou word, dan is dit goed moontlik (gegewe ook die verskille in bevolkingsgroei) dat die Ryk Noorde dan 10% van die wêreld se bevolking sal hê en 90% van die inkome sal ontvang! En wat van 2040 en 2050.....?

Die Ryk Noorde is ook vir grootskaalse uitputting van skaars natuurlike hulpbronne en vir besoedeling verantwoordelik. Die groot bevolking van die Arm Suide is natuurlik ook problematies uit 'n omgewingsoogpunt, maar nie naastenby só problematies soos die hoë lewensstandaarde wat die Ryk Noorde handhaaf nie. Die skade wat mense in die Ryk Noorde aan die omgewing berokken, is - in per capita-terme - dertig keer groter as die skade wat mense van die Arm Suide berokken.

Die lande van die Ryk Noorde het hulle in 1975 daartoe verbind om jaarliks 0,7% van hulle BBP as ontwikkelingshulp aan die Arm Suide te skenk. Slegs Skandinawiese lande en Holland se hulp is naby hierdie vlak. Die VSA se hulp is gemiddeld slegs 0,11% van sy BBP.

Die Ryk Noorde bestee tans byna \$600 biljoen op verdediging en byna \$400 biljoen op landbou-subsidies maar slegs \$60 biljoen op ontwikkelingshulp! Dit is inderdaad 'n gek wêreld waarin ons leef.

Omtrent al die lande van die wêreld het deesdae 'n politiek-ekonomiese stelsel van *demokratiese* kapitalisme. Die groot gevaar van Globale Kapitalisme is dat dit nie gekomplementeer word deur 'n stelsel van Globale Demokrasie nie. GKMI is soos 'n reusagtige skip wat teen 'n hoë spoed in 'n potensieële stromagtige oseaan vaar sonder 'n (politieke) stuurman aan die stuur.

Wag die grootste seeramp in die geskiedenis om te gebeur, of gaan die biljoene mense wat in die romp van die skip van ellende krepeer tot grootskeepse muitery geprovokeer word?